



Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410



042-273-1335
042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 18/03 2020

Geagte Ouers/Voogde

1. Na aanleiding van die aankondiging van die President van Suid-Afrika oor die coronavirus wil ons u gerusstel dat planne in plek is en dat ons die maksimum akademiese tyd sal inhaal. Indien nodig sal ons u op die hoogte hou en met u korrespondeer.

Die volgende om u op hoogte te hou:

- Rapport is Vrydag, 20 Maart, vanaf 08:00 tot 10:00 by registeronderwysers beskikbaar.
- Skool heropen op Dinsdag, 14 April, om 07:30 (Dag 2).
- Die kwartaalprogram vir die tweede kwartaal sal aan die begin van die kwartaal gefinaliseer word.
- Alle geskeduleerde aktiwiteite soos op die jaarprogram vir kwartaal 2 aangedui, is uitgestel tot verdere kennisgewing.
- Met die aankondiging dat die Junie-vakansie ingekort gaan word, sal ons die gelyke aantal akademiese dae hê om die kurrikulum af te handel.
- Die Kermis van Saterdag, 4 April, is gekanselleer. Die OOV gaan 'n poging aanwend om hierdie fondse op 'n ander wyse te genereer.
- Die geskeduleerde oueraand vir gr. 4-12 sal op 'n latere datum plaasvind.

Ons wil u as ouers vriendelik daarop wys dat die reëlings wat getref is, in lyn is met die Staatspresident se beroep, dat so min moontlik groepe bymekaarkom en dat die leerders sover moontlik tuis moet bly. Dit is nie 'n ekstra tydjie vir rondkuier nie. Die virus is lewensgevaarlik. Ons vra asseblief u samewerking in die verband.

2. **Finansies:**

Die maandelikse skoolfondsrekenings is vandag aan leerders oorhandig, andersins sal die rekenings saam met die rapporte op Vrydag uitgedeel word.

Ek doen 'n ernstige beroep op alle ouers wie nog nie kopieerkoste betaal het nie, om dit so spoedig moontlik te vereffen.

Busgeld vir die 2de kwartaal is betaalbaar teen 30 April 2020.

3. **Privaat hekkie- en naelloopafrigting:**

Nicela Laruffa bied vanaf 30 Maart privaat hekkie- en naelloopafrigting aan. Afrigting vind op Maandae en Woensdae by HS McLachlan se sportveld plaas. Koste beloop R300 per maand. Dit is groepafrigting met 'n maksimum van 10 leerders. Kontak Nicela by 084 693 0239 vir navrae.



4. **#Imagine 2020 afgestel weens Covid-19:**

Dit spyt ons om ouers en die gemeenskap in te lig dat die #Imagine2020 saamtrek, wat sou plaasvind van 27-29 Maart 2020, afgestel is weens die gesondheidsgevaar van die Covid-19 virus op die nagenoeg 1200 tieners wat sou saamtrek.

Daar word beoog om die saamtrek wel later die jaar te laat plaasvind. Daarom gaan ons steeds alle inskrywingsgelde en borgegeld veilig bewaar by die skool en terughou totdat ons meer duidelikheid het. Leerders moet steeds al hulle fondse/borge/insamelings verklaar by die skool.

Baie dankie vir elkeen se ondersteuning en begrip.

5. **Graad 7-uitstappie:**

Die graad 7-klas se Natuurwetenskappe uitstappie na die Jeffreysbaai Skulpiemuseum moes ongelukkig uitgestel word weens die noodtoestand wat tans heers. Baie dankie aan die ouers wat hulle hulp en ondersteuning aangebied het.

6. **Graad 8-koekverkoop:**

Die graad 8-koekverkoop het ongelukkig ook in die slag gebly. Ons sal volgende kwartaal besin oor 'n manier om die aangewese R2000 in fondse in te samel. Baie dankie aan die ouers wat reeds begin het om aan die projek te werk.

7. **Kyknet Nasionale Toneelspelkompetisie:**

Marli van Zyl en Porsha Khewu is deur na die volgende rondte van die Kyknet Nasionale Toneelspelkompetisie by die Kunstekaap Teater in Kaapstad. Die datum van hul deelname gaan later bekendgemaak word. Hulle is deel van die Top 75 in die land en ons is voorwaar baie trots op hulle.

8. **Despatch Kunsfees:**

Enige leerder wat belangstel om deel te neem moet asseblief 'n inskrywingsvorm by juf. Janine kom haal. Leerders kan inskryf vir die volgende afdelings:

Voordrag: (gedigte, prosa, monoloog, toneel, dialoog, improvisasie, spreekkoor, mimiek, dansdrama)

Inskrywingsgeld: R25 per leerder.

Sluitingsdatum: **5 Junie 2020** [Datum het aangeskuif a.g.v. coronavirus.]

Kuns en fotografie: (teken, skilder, vrye sketse)

Inskrywingsgeld: R25 per leerder.

Sluitingsdatum: **17 Julie 2020** [Datum het aangeskuif a.g.v. coronavirus.]

9. **WEN 'n KIA-PICANTO (2020)-fondsinsamelingsprojek:**

Inbetaling word by die registeronderwysers gedoen. Die laaste datum van inbetaling is **15 Mei 2020**.

- ✓ U as ouer is verantwoordelik vir die boekie en indien u dit verloor, sal u aanspreeklik gehou word vir die inbetaling van R500.
- ✓ Leerders wat 'n tweede boekie wil verkoop, kan daarvoor vra na die eerste inbetaling.
- ✓ Die wenner van die Kia-Picanto (2020) word in Augustus aangewys.

10. **Karoo 2 Coast – fietswedren: 20 September 2020:**

Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R800 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak Daleen Strydom by 042 2731335 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

11. Grannor Passi-projek:

Hoërskool McLachlan loods weer in 2020 die Granor Passi-projek. Langkloofprodusente kan vrugte by die sapfabriek onder Hoërskool McLachlan se naam lewer. Die nommer waaronder u dit moet lewer, is **019**. Hierdie is 'n geleentheid vir die boerderygemeenskap om die skool te ondersteun. Ons skool het baie finansiële uitdagings en weet met hierdie projek sal u 'n groot verskil kan maak. Die inkomste van die projek sal direk deur Granor Passi in McLachlan se rekening inbetaal word.

Ons moedig produsente aan om aan hierdie projek deel te neem en sodoende 'n verskil te maak aan ons kinders se toekoms by Hoërskool McLachlan. Die skool is die hart van die gemeenskap en met u bydrae sal ons die voortbestaan kan verseker.

12. Sportnuus:

- Laerskoolatletiek:

Ria-Mi Ferreira, Carisma van Rooyen, Naudé Meyer, Kelvi-Nay Corneelse, Lilitha Ferreira en Marnelle Oberholster het aan die Oos-Kaapproewe in Cradock deelgeneem. Die atlete het elkeen hul bes gedoen en HS McLachlan se naam hoog gehou.

- Laerskoolrugby:

Die 0/13-span het Saterdag, 14 Maart, teen Laerskool Douglas se toerspan gespeel. Dit was 'n baie goeie wedstryd en ons het die wedstryd 52-19 gewen.

- Laerskoolnetbal:

Die 0/13-netbalspan het op Dinsdag, 17 Maart, teen die toerspan gespeel en ongelukkig hul wedstryd 17-12 verloor.

S. Pienaar

S. PIENAAR

Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan

Posbus 3, Joubertina, 6410

Oos-Kaap, Suid Afrika

Tel: +27 (0) 42 273 1335

Fax: +27 (0) 42 273 1210



Hoërskool McLachlan